

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

Aanstek van die kerse

## Woorddiens

### Tema: Stil Swye op Golgotha

#### Skriflesing: Johannes 18:1-19:30 (1953)

**18** NADAT Jesus dit gesê het, het Hy met sy dissipels oor die spruit Kedron gegaan waar daar 'n tuin was, waarin Hy self gegaan het en sy dissipels.

<sup>2</sup> En Judas, sy verraaier, het ook die plek geken, omdat Jesus daar dikwels met sy dissipels saamgekom het.

[...]

<sup>28</sup> TOE neem hulle Jesus van Kájafas na die goewerneur se paleis. En dit was vroeg in die môre; en hulle het self nie in die paleis ingegaan nie, dat hulle hul nie sou verontreinig nie, maar dat hulle die pasga kon eet.

<sup>29</sup> En Pilatus het na hulle uitgekom en gesê: Watter beskuldiging bring julle teen hierdie man in?

<sup>30</sup> Hulle antwoord en sê vir hom: As Hy geen kwaaddoener was nie, sou ons Hom nie aan u oorgelewer het nie.

<sup>31</sup> En Pilatus sê vir hulle: Neem julle Hom en oordeel Hom volgens julle wet. En die Jode sê vir hom: Dit is ons nie geoorloof om iemand dood te maak nie —

<sup>32</sup> sodat die woord van Jesus vervul sou word wat Hy gesê het om aan te dui hoedanige dood Hy sou sterwe.

<sup>33</sup> Pilatus gaan toe weer in die goewerneur se paleis en roep Jesus en sê vir Hom: Is U die Koning van die Jode?

<sup>34</sup> Jesus antwoord hom: Sê u dit uit uself, of het ander u dit van My gesê?

<sup>35</sup> Pilatus antwoord: Is ek dan 'n Jood? U volk en die owerpriesters het U aan my oorgelewer. Wat het U gedoen?

<sup>36</sup> Jesus antwoord: My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie.

<sup>37</sup> Pilatus sê toe vir Hom: Is U dan tog 'n koning? Jesus antwoord: U sê dat Ek 'n koning is. Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem.

<sup>38</sup> Pilatus sê vir Hom: Wat is waarheid? En toe hy dit gesê het, gaan hy weer uit na die Jode en sê vir hulle: Ek vind geen skuld in Hom nie.

<sup>39</sup> Maar julle het 'n gewoonte dat ek vir julle op die pasga iemand moet loslaat; wil julle dan hê dat ek vir julle die Koning van die Jode moet loslaat?

<sup>40</sup> Toe skreeu hulle almal weer en sê: Nie vir Hom nie, maar Barábbas! En Barábbas was 'n rower.

**19** TOE neem Pilatus dan vir Jesus en laat Hom gésel. <sup>2</sup> En die soldate het 'n kroon van dorings gevleg en dit op sy hoof gesit, en 'n purper kleed om Hom gewerp

<sup>3</sup> en gesê: Wees gegroet, Koning van die Jode! En hulle het Hom in die aangesig geslaan.

<sup>4</sup> Pilatus gaan toe weer buitentoe en sê vir hulle: Kyk, ek bring Hom vir julle uit buitentoe, sodat julle kan weet dat ek in Hom geen skuld vind nie.

<sup>5</sup> En Jesus het uitgekom buitentoe en die doringkroon en die purperkleed gedra. En Pilatus sê vir hulle: Dáár is die mens!

<sup>6</sup> En toe die owerpriesters en die dienaars Hom sien, skreeu hulle en sê: Kruisig, kruisig Hom! Pilatus sê vir hulle: Neem julle Hom en kruisig Hom, want ek vind geen skuld in Hom nie.

<sup>7</sup> Die Jode antwoord hom: Ons het 'n wet en volgens ons wet moet Hy sterf, omdat Hy Homself die Seun van God gemaak het.

<sup>8</sup> En toe Pilatus hierdie woord hoor, het hy nog meer bevrees geword

<sup>9</sup> en weer in die paleis ingegaan en vir Jesus gesê: Van waar is U? Maar Jesus het hom geen antwoord gegee nie.

<sup>10</sup> En Pilatus sê vir Hom: Praat U nie met my nie? Weet U nie dat ek mag het om U te kruisig en mag het om U los te laat nie?

<sup>11</sup> Jesus antwoord: U sou geen mag teen My hê as dit u nie van bo gegee was nie. Daarom het hy wat My aan u oorlewer, groter sonde.

<sup>12</sup> Hierop het Pilatus probeer om Hom los te laat, maar die Jode het geskreeu en gesê: As u Hom loslaat, is u nie die keiser se vriend nie. Elkeen wat homself koning maak, kom in verset teen die keiser.

<sup>13</sup> En toe Pilatus hierdie woord hoor, het hy Jesus buitentoe gebring en op die registerstoel gaan sit in die plek wat Plaveisel genoem word, en in Hebreeus Gábbata.

<sup>14</sup> En dit was die voorbereiding vir die pasga en omtrent die sesde uur. Toe sê hy vir die Jode: Dáár is julle Koning!

<sup>15</sup> Maar hulle skreeu: Neem weg, neem weg, kruisig Hom! Pilatus sê vir hulle: Moet ek julle Koning kruisig? Die owerpriesters antwoord: Ons het geen koning behalwe die keiser nie.

<sup>16</sup> Toe het hy Hom dan aan hulle oorgegee om gekruisig te word. En hulle het Jesus geneem en Hom weggelei.

<sup>17</sup> EN Hy het sy kruis gedra en uitgegaan na die sogenaamde Hoofskedelplek, in Hebreeus Gólgota,

<sup>18</sup> waar hulle Hom gekruisig het en saam met Hom twee ander, een aan elke kant, en Jesus in die middel.

<sup>19</sup> En Pilatus het ook 'n opskrif geskrywe en dit op die kruis gesit; en daar was geskrywe: JESUS, DIE NASARÉNER, DIE KONING VAN DIE JODE.

<sup>20</sup> Hierdie opskrif dan het baie van die Jode gelees, omdat die plek waar Jesus gekruisig is, naby die stad was; en dit was geskrywe in Hebreeus en Grieks en Latyn.

<sup>21</sup> En die owerpriesters van die Jode het vir Pilatus gesê: Moenie skrywe: Die Koning van die Jode nie; maar dat Hy gesê het: Ek is die Koning van die Jode.

<sup>22</sup> Pilatus het geantwoord: Wat ek geskryf het, het ek geskrywe.

<sup>23</sup> En toe die soldate Jesus gekruisig het, neem hulle sy klere en maak vier dele, vir elke soldaat 'n deel, en die

onderkleed; maar die onderkleed was sonder naat, van bo af in een stuk gewewe.

<sup>24</sup> En hulle het vir mekaar gesê: Laat ons dit nie skeur nie, maar laat ons die lot daarvoor werp, wie s'n dit sal wees — sodat die Skrif vervul sou word wat sê: Hulle het my klere onder mekaar verdeel en oor my gewaad het hulle die lot gewerp. Dit het die soldate dan gedoen.

<sup>25</sup> En by die kruis van Jesus het gestaan sy moeder en sy moeder se suster, Maria, die vrou van Klopas, en Maria Magdaléna.

<sup>26</sup> En toe Jesus sy moeder sien en die dissipel wat Hy liefgehad het, by haar staan, sê Hy vir sy moeder: Vrou, dáár is u seun!

<sup>27</sup> Daarop sê Hy vir die dissipel: Dáár is jou moeder! En van daardie uur af het die dissipel haar in sy huis geneem.

<sup>28</sup> Hierna, omdat Hy geweet het dat alles al volbring was — sodat die Skrif vervul sou word — het Jesus gesê: Ek het dors!

<sup>29</sup> En daar het 'n kan vol asyn gestaan; en hulle het 'n spons met asyn gevul en op 'n hisopstingel gesit en aan sy mond gebring.

<sup>30</sup> En toe Jesus die asyn geneem het, sê Hy: Dit is volbring! En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee.

## Broodjies vir die pad

### “Christ of the burnt men”

(Thomas Merton)

Jy sal my ook al hoe meer wen, glimlaggende skerts-oog blink-oog Christus wat my vervaarde jare op jou afstand gadeslaan het: jy het jou hande nie tóé uitgesteek toe ek jou sengende wonde aan my lyf ontvang het nie maar fel jou kruis geteken oor my, in hand en romp en hoof, en deur die beswyming onder druppende bloedplasma- en soutwatersakke kom skyn voor my met net die trekking van 'n glimlag van uiterste pyn om die mondhoëke, jou oë blink van 'n verskriklike akkoord.

En ek begryp, jy het my geteken vir die avontuur van jóú, ek wat vuur bemin en altyd waaghalsig was –

- O wat is die brand in brein en hart wat brandender brand as die vlam aan die lyf en wat gaan gloei in klip en sand onder my eenvoetig-springende begrip agter jou ságsinnigheid aan?: Nee, iets heerliker: as jy eindelijk omdraai met oë wit en stip en ver en skouers gemantel met 'n verwoede en stormende son: o my kosmiese Christus: drie-en-dertig jaar verdoesel in die klein en donker vlees wat jy in een nag oopgevelek het om jóú vir my te bevry opdat ek jou raaksien, raak weet, raak het, en nog wag jy dat ek moet sê, heeluit moet sê: gryp my hande dan, amper sonder vingers vir jou: kundige timmerman.

Sheila Cussons

## Brood vir die pad

### Tyd vir stilte - dog straks nie vir lank nie?

Dirkie Smit

Die komende dae gaan vele in ons wêreld waar-skyklik 'n bietjie meer tyd inruim vir stil-word en stil-wees, vir inkeer en nadink. Dis immers vir Christelike kerke die laaste dae van lydenstyd, vóór Goeie Vrydag en Paassondag, met “Stil Saterdag” daar tussen. Tradisioneel dié tyd vir innerlike fokus in vele van dié tradisies, vir ráák-sien van lyding en leed – en in dié lig bestek opneem en herdink, opnuut peins oor eie waardes en prioriteite. Maar nouja, dalk ook weer nie sóvele nie? En nie vir lánk nie? In elk geval nie in omgewings met sterk Protestantse teenwoordigheid nie.

Protestante sukkel maar met stil-word. Dis asof ons vrees vir alleen-wees en wil wegvlug van enige vorm van inkeer. Ons wil doen en doenig wees, besig wees en besig gehou word. Ons sukkel met ons eie geselskap – en só was dit eintlik van meet af. In sy boeiende *Silence – A Christian History* vertel die Oxfordse historikus Diarmaid MacCulloch dié storie. Met die Hervorming is instellinge waar stilte nagejaag is (soos kloosters), gesluit en praktyke gebou rondom stil-wees (soos meditasie) beëindig. Liturgiese ruimtes is verander sodat kansels die sentrale plek kon kry, vanwaar die evangelie verkóndig kon word. Die kerk is immers waar die evangelie gepréék en gehóór word – só het Hervormers kerk-wees her-definieer, doelbewus téénoor ander geestelike praktyke, waarvan hulle meesal maar min sou dink. Só begin “die mees raserige periode in die kerk se geskiedenis,” sê hy.

En dit sou net erger word. Geraas, gewoel en gewer-skaaf sou die kultuur word in omgewings deur die Protestantisme gestempel, die tydsgees, alledaagsheid, vanselfsprekende. Dit het harte en gedagtes oorgeneem, ons kan onself nie meer help nie, ons het besige, haas-tige, raserige kreature geword, ons kan nie daarsonder nie.

Ons is verslaaf aan afstandbeheer, selfone, iPads, televisies, luidsprekers, klank, spoed, afwisseling, dóén-igheid. Vyande van stilte, trouens, bevréés vir stilte, doodsbang vir tyd alleen met net ons eie gedagtes.

Dit herinner aan die skroeiende kritiek van die sosioloog Peter Berger op die ydele geklets van Protestantse kerke in Amerika in sy *The Noise of Solemn Assemblies*. En waar dié gees eers posvat, is g'n einde in sig nie, kerke probeer ylins byhou by die kultuur en tydsgees, die oue moet steeds weer oortréf word deur nóg meer, nóg groter, nóg harder. Selfs die kansels maak deesdae plek vir verhoë – vir orkeste en rondwandelende sprekers met mikrofone. Die noise word méér – dis net nie meer so solem nie.

Ken ons die vreemde vers in Open 8:1?, vra MacCulloch. Toe die Lam die sewende seël van die boekrol open, ná al die trane van die ruiters vanweë die apokalips, kom daar “stilte in die hemel, omtrent 'n halfuur lank”. Waarom “omtrent”? vra hy.

Daar is vele teorieë, maar niemand weet regtig nie. Dit bly net vreemd. “Omtrent” 'n halfuur lank? Waarom nie 'n volle halfuur nie? Of kon ook hulle dié stilte ná al die lyding nie te lank uthou nie?

<http://www.netwerk24.com/stemme/2015-03-28-djs-tyd-vir-stilte-dog-straks-nie-vir-lank-nie>